Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE KANTOOR VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER OP WOENSDAG, 19 JUNIE 2019 OM 11:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdh R F van der Westhuizen
Rdd M van Zyl

Ander raadslede:
Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Siviele Ingenieur, mnr J Venter
Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Snr Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie
GOP/PEO-beampte, me O Fransman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdd M van Zyl op die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Geen verskoning is ontvang nie.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond tot die probleme wat tans ervaar word by die Riebeek-Wes Behuisingsprojek, onder andere, dat die terrein gesluit is weens die ongeluk waar twee werknemers van ASLA beserings opgedoen het. Verder het 'n krisiskomitee uit lede van die gemeenskap – en nie begunstigdes van die behuisingsprojek nie – tot stand gekom wat versoek om met die Munisipaliteit te skakel.

Die Munisipaliteit gaan nie aan die krisiskomitee se versoek voldoen om 'n gemeenskapsvergadering te belê nie, aangesien ASLA, as implementeringsagent, verantwoordelik is vir die toekenning van huise en kommunikasie met die gemeenskap.

**VIR KENNISNAME**

**4. NOTULES**

4.1/...

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 22 MEI 2019**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 Mei 2019 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**5. OORWEGING VAN AANBEVELING EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE**

**5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 12 JUNIE 2019**
*[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]*

Aanbevelings voorgelê vir bekragtiging:

5.1.1 **MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 **SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig

5.1.3 **ONTWIKKELINGSDIENSTE**

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig

5.1.4 **BESKERMINGSDIENSTE**

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig

**6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

**7. NUWE SAKE**

**7.1 VOORLEGGING VAN 2019/2020 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN –PLANNE (2/4/2)**

Die prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2019/2020 finansiële jaar is opgestel ooreenkomstig Artikel 57 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, 2000 en dien as 'n vervangende addendum tot die aanstellingskontrakte van die Munisipale Bestuurder en direkteure.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2019/2020 finansiële jaar.

**7.2 VOORLEGGING VAN DIE 2019/2020 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)**

Die doel van die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

Die SDBIP moet, onder andere, die volgende insluit:
- projeksies vir elke maand van (1) inkomste wat ingevorder gaan word, per bron en (2) bedryfs- en kapitaaluitgawes per pos;
- diensleweringsteikens en prestasie-aanwysigings vir elke kwartaal.

7.2/...

Die SDBIP vir die 2019/2020 finansiële jaar is apart tot die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT** dat die aangehegte 2019/2020 Dienslewering- en Begroting-implementeringsplan (SDBIP) goedgekeur word.

**7.3 GOEDKEURING VAN DIE ONDERNEMINGSRISIKOBESTUURSBELEID (5/15/1/6)**

Die beleid het ten doel om ’n proses te vestig waardeur risiko’s geïdentifiseer kan word wat ’n bedreiging inhou vir volhoubare dienslewering en die bereiking van die Munisipaliteit se doelwitte. Die proses behels verder die mitigering van die geïdentifiseerde risiko’s om die bestuur van die Munisipaliteit te optimaliseer.

Dit is derhalwe belangrik dat ’n geïntegreerde benadering gevolg word waarvolgens die risikobestuursproses regdeur die Munisipaliteit toegepas word en nie slegs fokus op geselekteerde dissiplines nie.

**BESLUIT**

(a) Dat die gewysigde Ondernemingsrisikobestuursbeleid goedgekeur word vir implementering omrede dit 'n verskeidenheid van voordele vir die munisipaliteit inhou, byvoorbeeld:
   (i) meer doeltreffende, betroubare en koste effektiewe dienslewering;
   (ii) meer betroubare besluitneming;
   (iii) minder verrassings en krisisse deur bestuur in staat te stel om effektief te handel met potensiële opkomende risiko's wat onsekerheid kan skep; en
   (iv) beter uitsette en uitkomste deur die verbetering in die bestuur van projekte en programme;

(b) Dat die "Risk Appetite”-vlak van 15 – "Impact x Likelihood" = 15 (5x3) & (3x5) aanvaar word;

(c) Dat "Risk Tolerance”-vlakke van 16 (4x4) en hoër, nie geduld sal word nie.

**7.4 VERGOEDING BETAALBAAR AAN DIE LEDE VAN DIE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE (5/15/1/3)**

[Die Uitvoerende Burgemeester moet aandag aan ’n dringende aangeleentheid gee en wys die Uitvoerende Onderburgemeester as waarnemende voorsitter aan vir die bespreking van die item.]

Die verslag het ten doel om die vergoeding betaalbaar aan lede van die Prestasie en Risiko Ouditkomitee te hersien. Laasgenoemde komitee speel ’n baie belangrike oorsig-rol, nie alleen op die terrein van finansiële bestuur nie, maar ook risiko- en prestasiebestuur.

**BESLUIT**

(a) <u>Ten opsigte van uurlikse tarief:</u>

   (i) Die vergoeding betaalbaar aan die lede van die Prestasie en Risiko Ouditkomitee vanaf 1 Julie 2019 vir die voorbereiding en bywoning van ouditkomitee vergaderings of vergaderings van die Raad, goedgekeur word, soos volg:
      - Voorsitter: R750.00 per uur (maksimum van 8 ure)
      - Lede: R630.00 per uur (maksimum van 7 ure)

   (ii) Die maksimum ure per vergadering sluit in die bywoning, voorbereiding, navorsing en reistyd na en van die lokaal waar die vergaderings gehou word;

   (iii) Goedkeuring verleen word dat die bogenoemde uurlikse tariewe voortaan jaarliks vanaf 1 Julie verhoog met die persentasie-aanpassing van 5% bereken op die tarief betaalbaar aan die lede (nie Voorsitter) afgerond tot die naaste R5.00, d.w.s. 5% van R630 = R31.50 afgerond na R30. Dus die Voorsitter se uurlikse tarief sal in 2020/21 verander na R750 + R30 = R780 en ander lede R630 + R30 = R660.

7.4/...

(b) Ten opsigte van aantal vergaderings:

'n Minimum van vier vergaderings per jaar sal belê word, waarvan twee van die vergaderings Prestasiebestuur sal insluit en ander twee Risikobestuur. Addisionele vergaderings wat belê word sal in oorleg met die Munisipale Bestuurder geskied ten einde die uitgawe in hierdie verband te kontroleer.

(c) Ten opsigte van reiskostes:

Reiskostes sal betaal word ooreenkomstig die tarief soos voorgeskryf in die Reis- en Verblyfbeleid van die Munisipaliteit.

**7.5 NOTULE VAN 'N MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 6 MAART 2019 (5/15/1/3)**

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 6 Maart 2019 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die notule van die Prestasie en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 6 Maart 2019.

**7.6 VORDERINGSVERSLAG: SWARTLAND VEILIGHEIDSINISIATIEF (17/5/1/1)**

Die stygende misdaadsyfer in die Wes-Kaap en die tekort aan mannekrag wat deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) ervaar word, het Swartland Munisipaliteit genoodsaak om 'n inisiatief te loods om die veiligheid van inwoners te verseker.

Die Swartland Veiligheidsinisiatief is 'n poging om alle rolspelers byeen te bring, insluitende die SAPD, om alle beskikbare hulpbronne aan te wend om veiligheid-kwessies en ander sosiale uitdagings aan te spreek.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die vorderingsverslag insake die Swartland Veiligheidsiniatief (SSI) en vordering met die vestiging van 'n operasionele kamer;

(b) Dat 'n skrywe van dank en waardering gerig word aan mnr Koos Liebenberg vir bystand verleen aan die Munisipaliteit met die vestiging van die operasionele kamer.

**7.7 VORDERINGSVERSLAG: VESTIGING VAN K9-HONDE EENHEID (17/5/1/1)**

Tydens die begrotingsproses is daar aan die Raad gerapporteer dat fondse ontvang is vanaf die Departement van Gemeenskapsveiligheid vir die vestiging van 'n K9-honde eenheid in die Swartland.

Die doelstellings van die K9-honde eenheid word vervat in die verslag tot die sakelys en behels hoofsaaklik die gebruik van die honde eenheid om veiligheid en ander sosiale uitdagings wat verband hou met dwelms en die stroop van mariene hulpbronne hok te slaan.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die vorderingsverslag insake die vestiging van 'n K9-honde eenheid op munisipale vlak;

7.7/...

(b) Dat die vorderingsverslag na voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ook aan die Departement van Gemeenskapsveiligheid gestuur word vir doeleindes van verslagdoening.

**7.8 VOORLEGGING VAN DIE KONSEP WYSIGING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: VERORDENING INSAKE MUNISIPALE GRONDGEBRUIK-BEPLANNING (PK 7741 GEDATEER 3 MAART 2017) (1/1)**

Die Snr Bestuurder: Bou-omgewing, mnr A M Zaayman, skets die agtergrond tot die hersiening van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning.

Sedert die in werking treding van die nuwe beplanningswetgewing, SLPUMA en LUPA, met ingang van 1 Julie 2015 is daar aanpassings gemaak om ‘n mate van standardisering vir plaaslike owerhede te bewerkstellig. Dit is dus noodsaaklik dat Swartland Munisipaliteit die betrokke verordening binne die wetgewende raamwerk moet hersien om tekortkominge aan te spreek.

Mnr Zaayman gaan voort om kortliks die voorgestelde wysigings te behandel. Met verwysing na die insluiting van bepalings vir die regulering van die verfilmingsbedryf, versoek die Speaker dat die Raad sensitief moet wees, met vermelding van Grottobaai, waar verfilming toegelaat gaan word.

**BESLUIT**

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die konsep Swartland Munisipaliteit:Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning op 25 Julie 2019 aan die Raad voorgelê word; en

(b) Na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000 in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste;

(c) Dat ‘n werkwinkel gereël sal word om die voorgestelde wysigings in detail met raadslede te bespreek om toegerus te wees om die konsep verordening aan die Raad op 25 Julie 2019 voor te lê.

**7.9 HUUROOREENKOMS: W DUCKITT & SONS CC (15/4/6)**

’n Gedeelte (groot ±300 m²) van restant van gedeelte 8 van die plaas Oude Post, geleë in die omgewing van Darling, word deur die Munisipaliteit gehuur. ’n Kabelvrye netwerkstasie is op die gedeelte grond opgerig en is die verlenging van die huurooreenkoms noodsaaklik vir die voortgesette verskaffing van die diens in die betrokke area.

**BESLUIT**

Dat die Raad die hernuwing van die huurooreenkoms met W Duckitt & Seuns vir die huur van ‘n gedeelte (groot ±300 m²) van restant van gedeelte 8 van die plaas Oude Post 577 vir die voortgesette bedryf van sy kabelvrye netwerkstasie soos volg goedkeur:

(a) ‘n huurooreenkoms vir die tydperk 1 Oktober 2019 tot 30 September 2022 teen betaling van huurgeld van R1557.00, plus BTW, per maand en wat jaarliks met 10% eskaleer, asook ‘n opsie om verder te huur.

**7.10 UITSTAANDE DEBITEURE: MEI 2019 (5/7/1/1)**

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Mei 2019.

**7.11 AFSKRYWING VAN ONINBARE EN ANDER SKULDE: JUNIE 2019 (5/7/3)**

Die skedules tot die sakelys bevat (1) die totale bedrag van R2 241 463,84 wat afskryfbaar is ten opsigte van deernishuishoudings en (2) die totale bedrag van R345 504.76 wat afskryfbaar is ten opsigte van uitstaande debiteure.

Die aanduiding is dat die uitstaande bedrae oninvorderbaar is en vir afskrywing oorweeg moet word.

**BESLUIT**

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R2 241 463.84 ten opsigte van deernishuishoudings, afgeskryf word as oninvorderbaar;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R345 504.76 ten opsigte van ander uitstaande debiteure, afgeskryf word as oninvorderbaar soos per die individuele redes;

(c) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat ‘n gedeelte van die skuld of die totale skuld van ‘n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(d) Dat, indien ‘n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is ‘n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

(e) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(f) Dat verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosio-ekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(g) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomite gemaak was, weer tydens die volgende vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê sal word;

(h) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;

(i) Dat die Kredietbeheerafdeling poog om besoeke aan die deernishuishoudings te bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om die installeering van ‘n waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan die deernishuishoudings te verduidelik, ten einde

voorkomende Kredietbeheer toe te pas;

7.11/…

(j) Dat verdere goedkeuring verleen word dat die kostes met betrekking tot die vervanging van die konvensionele elektrisiteitsmeter deur 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter, deur die munisipaliteit gedra word en dat die Hoof Finansiële Beampte die kostes van die Deernistoekenning sal verhaal;

(k) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van toekomstige pogings om aansluitings te beperk in ‘n poging om verbruikers te dwing om die nodige dienste aansluitings te kom teken.

**7.12 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: MEI 2019 (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Mei 2019 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.13 AFSKRYF VAN BATES TEN DOEL OM DIT VAN DIE BATEREGISTER TE VERWYDER M.B.T. VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Die instandhouding van die bateregister word ingevolge Artikel 63 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 vereis. ‘n Lys van bates wat afgeskryf kan word en gevolglik van die bateregister verwyder kan word, is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

Dat goedkeuring verleen word dat die bates op die aangehegde lys ten bedrae van R21 438,41 afgeskryf word en dienooreenkomstig vanaf die bateregister verwyder word.

**7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE: HERSTELWERK AAN DIE VULLISKOMPAKTEERDER, CK 43815 (8/1/B/2)**

Die vullisvragmotor, CK 43815, is toegerus met ’n Heil 500 kompakteerder wat foutief geraak het. Dringende herstelwerk is benodig en is *Transtech* die enigste diensverskaffer wat hierdie tipe werk kon lewer.

**BESLUIT**

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat die aksie van die waarnemende Munisipale Bestuurder derhalwe gekondoneer word om *Transtech* aan te stel vir dringende herstelwerk aan die ‘blade and slide assembly’ van die kompakteerder van die vullisvragmotor, CK 43815;

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
   (i) *Transtech* is die diensverskaffer van die oorspronklike vervaardiger en franchisehouer vir Heil-toerusting in Suid-Afrika en kon die diens dus slegs deur die enkele diensverskaffer gelewer word;

(d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe R101 158.21 (BTW ingesluit) beloop wat teen posnommer 9/241-1253-709 gefinansier is;

(e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.15/...

**7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE AANJAAGPOMP VIR VOORSIENING VAN WATER AAN CHATSWORTH RESERVOIRS (8/1/B/2)**

Die aanjaagpomp by die Riverlands pompstasie vorm 'n integrale deel van die waternetwerk vir die voorsiening van water aan Riverlands en Chatsworth. Die aanjaagpomp het foutief geraak en onderbreking in watertoevoer na die Chatsworth reservoir tot gevolg gehad. Dringende herstelwerk is dus benodig.

**BESLUIT**

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder derhalwe gekondoneer word om *Tricom Africa* aan te stel vir die herstel van die aanjaagpomp by Riverlands pompstasie ten bedrae van R31 436,02 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
   (i) die herstelwerk aan die aanjaagpomp by die Riverlands pompstasie is as 'n noodgeval hanteer om te voorkom dat die dorpe, Riverlands en Chatsworth, langdurige wateronderbrekings ondervind;

(d) Dat kennis geneem word dat voldoende fondse beskikbaar is om die uitgawe van R31 436,02 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/249-849-259 te verreken;

(e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE: HUUR VAN LAAIGRAAF (8/1/B/2)**

Die omvang van onwettige storting van huishoudelike afval in die munisipale area is tans 'n groot uitdaging vir die Munisipaliteit en noodsaak deurlopende skoonmaak-aksies.

Die onwettige storting van huishoudelike vullis word veral ervaar in en rondom laekoste behuisingsgebiede en op oopruimtes. Omdat die vullis uit huishoudelike afval bestaan bevat dit 'n groot organiese komponente wat toksies is wanneer dit ontbind en 'n beduidende risiko vir die inwoners en omgewing van hierdie gebiede inhou.

**BESLUIT**

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder derhalwe gekondoneer word 'n laaigraaf en operateur vanaf *Louw Diggers* in te huur vir die bedrag van R93 150.00 (BTW ingesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
   (i) die laaigraaf wat gebruik word om vullis wat onwettig gestort word op te ruim was vir vier weke buite werking weens herstelwerk;
   (ii) sonder die deurlopende verwydering van huishoudelike vullis wat onwettig gestort word, sal die afval in so 'n mate ophoop dat dit 'n gesondheidsrisiko vir die kwesbare gemeenskappe inhou;
   (iii) die inhuur van die laaigraaf en operateur is as 'n noodgeval hanteer om die deurlopende verwydering van onwettige vullis te verseker;

(d)/...

7.16/...

(d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe van R93 150.00 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/247-541-2943 gefinansier is;

(e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.17 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE EN AANWYS VAN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)**

Die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder moet deur die Uitvoerende Burgemeester oorweeg word. Die aangehegte skedule bevat ook die verlof van die res van die direkteure met die doel om 'n waarnemende munisipale bestuurder aan te wys.

**BESLUIT**

(a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae goedgekeur word, naamlik:

- 27 Junie – 5 Julie 2019 (7 dae)
- 9 Julie 2019 (1 dag)
- 16 Augustus 2019 (1 dag)

(b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste gedurende voormelde tydperk sal waarneem as Munisipale Bestuurder.

**7.18 NUWE STRAATNAME VIR RIEBEEK-WES BEHUISINGSPROJEK (16/5/6)**

Die konstruksie van huise in die Riebeek-Wes Behuisingsprojek het in 2018 'n aanvang geneem. Die wykskomitee van Wyk 3 is versoek om voorgestelde straatname vir die behuisingsprojek aan te beveel.

Die voorgestelde straatname is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

(a) <u>Ten opsigte van die Riebeek-Wes Behuisingsprojek:</u>

(i) Dat die item terugverwys word om goedkeuring vanaf familielede te verkry om die voorgestelde persone se name as straatname te mag gebruik;

(ii) Dat wanneer voormelde goedkeuring ontvang is, die lys van voorgestelde straatname aan die behuisingskomitee van die Riebeek-Wes Behuisingsprojek voorgelê word vir aanvaarding alvorens dit aan die Raad vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;

(b) <u>Ten opsigte van Phola Park:</u>

(i) Dat, met verwysing na die skrywe ontvang van rdl B J Penxa, die volgende straatname goedgekeur word:
- Straat 3: Moses Kotane
- Straat 6: James Moroka

(ii) Dat 'n opname deur die Departement Beskermingsdienste gedoen word van die huise waar die verkeerde straatnaamborde aangebring is in 'n poging, om in oorleg met die Departement Siviele Ingenieursdienste, die persone by te staan dit met die korrekte straatnaambord te vervang.

**(GET) T VAN ESSEN**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**